



VAKATURE: VASTE TERMYNPOS (DRIE JAAR-KONTRAK) NG GEMEENTE VILLIERS

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here, aansoeke in vir die pos van leraar.

GEMEENTEPROFIEL: Die NG Gemeente Villiers is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Noord-Oos Vrystaat, ongeveer 150 km vanaf Johannesburg op die N3 en 380 km vanaf Bloemfontein. Die gemeente is reeds in 1907 gestig en bestaan reeds deur die genade van die Here, vir die afgelope 111 jaar. Die gemeente bestaan uit ongeveer 200 belydende- en 50 dooplidmate, wat verdeel is in ses plaaswyke en agt dorpswyke.

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE: Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik:

- Die aansoeker moet in 'n innige verhouding met die Here leef en oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging verwag wat entoesiasies aangebied word en geestelike groei bevorder.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en die belydenisskrifte van die kerk.
- Iemand vir wie veral huisbesoek en ander pastorale besoeke belangrik is.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.

VERGOEDING: Onderhandelbaar, min of meer volgens kerf drie van die sinodale riglyne. Daar is 'n ruim pastorie beskikbaar en inwoning in die pastorie is 'n vereiste.

AANSOEKE: Aansoeke moet vergesel word van 'n CV wat nie langer as drie bladsye is nie, met kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings. Rig aansoeke aan:

Posadres: Die Pre-Advies Kommissie, Posbus 22, Villiers 9840

E-pos: ngkvilliers@vodamail.co.za

Faks: 086 543 7467

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

SLUITINGSDATUM: Oop

NAVRAE:

Konsulent - Johann Kemp, 072 425 8537

Leierouderling - Pierre Lourens, 082 574 4836

Onderleierouderling - Gerhard Hartman, 082 550 2054

Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.